## HOOFSTUK 1

# INLEIDING

### 1.1 ORIËNTASIE

Botsing van belange en menings, onderlinge geskille en onenigheid is eie aan die gebroke bedeling na die sondeval[1]. Konflik, stryd, verongelyking en verontregting gaan dikwels daarmee gepaard. Die kerk van Jesus Christus, die gemeenskap van heiliges, is nie van dié sondige gebrokenheid gevrywaar nie; inteendeel[2].

Verskeie weë kan gevolg word om konflikte in die kerk op te los en onreg wat iemand aangedoen is, reg te stel. Onderlinge vermaning ooreenkomstig die eis van Matteus 18:15 is ‘n weg wat bewandel kan en moet word. Inroep van medegelowiges om die reg te help herstel, is ’n verdere weg[3]. Die hulp van ampsdraers kan verkry word om ’n saak te besleg[4].

In aansluiting by die regstel van vermeende onreg tussen gelowiges onderling skep Artikel 46 KO ruimte om beswaar in te dien as iemand dit noodsaaklik ag om ’n bestaande besluit van ’n kerklike vergadering te verander. Indiening van sodanige beswaar is eweneens ’n versoek om ’n betwiste besluit reg te stel, al is dit nie noodwendig ’n besluit as gevolg waarvan die beswaarde persoonlik onreg aangedoen is nie.

In hierdie studie gaan dit nie oor regsherstel langs die weg van beswaar ooreenkomstig Artikel 46 KO nie. Dit gaan wel oor regsherstel by wyse van beroep wat op ’n meerdere vergadering gedoen word, soos wat dit in Artikel 31 KO gereël is.

In die wye verskeidenheid gepubliseerde handleidings by die Gereformeerde Kerkorde[5] word algemene uiteensettings van die proses van ‘beroep doen op ’n meerdere vergadering’, of te wel ‘kerklike appèl’ gegee. In onderskeiding van al die algemene opmerkings word in dié studie gefokus op kerklike appèl as 'n middel om *regsherstel* tussen gelowiges, wat in ’n staat van *verontregting* leef, te help bewerk.

---

[1] Wiskerke, 1964:76
[2] Martin, 1995:26-28
[3] Matteus 18:16
[4] Eksodus 18:16; 1 Timoteus 5:19
[5] Onder andere Jansen, 1923:142-146; Spoelstra, 1966:197-205; Van der Linde, 1983:130-133; Spoelstra, 1989:196-202; Harmannij, 1990:47-49; Van Rongen, 1995:58-61; Visser, 1999:141-148; Bouwman, 2000:127, 133-134

## 1.2 PROBLEEMSTELLINGS

Beroep op ’n meerdere vergadering is in die Gereformeerde kerkreg ’n saak wat veelbesproke is[6] en dikwels hanteer word[7]. Dit wil egter voorkom asof daar, met name in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, aan die verhouding tussen appèl en die herstel van reg nie genoegsaam aandag gegee word nie. Die volgende probleemstellings dien as motivering vir dié vermeende leemte.

***Probleemstelling 1***

Uit bestudering van relevante bronne blyk dat skriftuurlike begronding van die reg tot appèl tot ’n groot mate ontbreek.

De Kock[8] het ’n beperkte studie oor die skriftuurlike begronding van kerklike appèlle gedoen. Enkele jare later het Kruger[9] ’n poging aangewend om by wyse van ’n beswaarskrif enkele skriftuurlike lyne insake appèlreg te trek. Dit is, sonder enige weerlegging uit die Skrif of die belydenis, deur die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika van die hand gewys.

In Nederland het Holwerda[10] op grond van die eksegese van Deuteronomium 16 en 17 by sekere stellings insake appèl uitgekom, wat deur Deddens[11] in fyner besonderhede uitgewerk is en deur Roeleveld[12] vir die Suid-Afrikaanse kerkregering in ’n artikel verwerk is. Te Velde[13] het enkele verdere Bybelse riglyne vir die hantering van appèlle uitgestippel. Die *Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt)* in Nederland het ’n studie onderneem met die oog op die daarstel van nuwe appèlprosedure[14]. Dit is egter opvallend dat in dié deeglike studie so te sê geen skriftuurlike gronde vir appèlreg gegee word nie. Bouwman[15] bevestig dat hierdie leemte eweneens in die Gereformeerde Kerke in Australië en Kanada bestaan. Hy noem dat daar oor die algemeen heelwat Skrif*aannames* is, maar dat Skrif*bewyse* ontbreek.

---

[6] Smit, 1995:395
[7] Vergelyk Acta, 1997:49-118; 2000:41-182; 2003:41-115
[8] De Kock, 1982:5-7
[9] Acta Algemene Sinode, 1988:132-138
[10] Holwerda, 1957:457-478
[11] Deddens, 1953a:366
[12] Roeleveld, 1972a:41-51
[13] Te Velde, 1994a:580-582
[14] Haitsma, 2002a:1-11; Haitsma, 2002b:1-9; Haitsma, 2004:5-12
[15] Bouwman, 2000:127

***Probleemstelling 2***

Volgens Artikel 31 KO is appèl na 'n meerdere vergadering moontlik as iemand 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering verongelyk is. Sommige verklaar verongelyking as persoonlike verontregting wat bewys moet word[16]. Ander beskou dit as 'n breër term, wat op regskrenking in die algemeen dui[17]. 'n Duidelike omlyning van die begrip 'verongelyk' ontbreek.

Reeds van die eerste eeue af was appèl in die kerklike lewe bekend[18]. In die ontstaan en ontwikkeling van die kanonieke reg in die Roomse Kerk is daar riglyne vir appèl neergelê. Met die reformasie in Frankryk is daar onder leiding van Calvyn aandag aan appèl gegee[19]. In navolging van die Franse Kerkorde is appèl deur die Konvent van Wesel 1568 binne die konteks van ampstug in die artikels van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke opgeneem[20]. Die Sinode van Emden 1571[21] het appèl binne 'n breër konteks geplaas. Die Sinode van Dordrecht 1578[22] het die bepaling van appèl in die vorm gegiet waarin die Dordtse Kerkorde[23] dit ook het. Dit is nie duidelik wat die motivering was waarom die reg tot appèl uit die konteks van ampstug geneem is en in 'n breër konteks gestel is nie. Dit is eweneens nie duidelik met watter begrensing die kerke die term appèl (*provocatio*) binne die twee verskillende kontekste in die kerkorde opgeneem het nie.

***Probleemstelling 3***

Weens die oënskynlike gebrek aan skriftuurlike begronding (probleemstelling 1) en duidelike omlyning van vermeende verontregting (probleemstelling 2) bestaan daar 'n verdere leemte, naamlik die verband tussen appèl en regsherstel.

Uitsprake van meerdere vergaderinge van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor appèlle is deurgaans van so 'n aard dat die vergaderinge hulle daarvan weerhou om noukeurig uiteen te sit wat die pad is wat gevolg moet word om versoening te bewerk[24]. Dit wek die indruk dat die appèl en die behandeling daarvan 'n op sigself staande saak word wat losgemaak word

---

[16] Visser, 1999:142
[17] Bouwman, 1970b:42; Bouma, 1988:43; Van Dellen en Monsma, 1954:141; Spoelstra, 1966:197; Van der Linde, 1983:132
[18] Deddens, 1953v:60
[19] Roeleveld, 1972a:48
[20] Bouwman, 1970b:41
[21] Acta, Artikel II.3
[22] Acta, Artikel 19
[23] Artikel 31 Dordtse Kerkorde
[24] Byvoorbeeld Acta, 1997:49-118; 2000:41-182; 2003:41-115

van die konflik wat daaraan grondliggend is. Dit het tot gevolg dat die uitslag van 'n appèl nie noodwendig tot oplossing van die konflik, herstel van gebroke verhoudings, versoening en vrede in die kerklike lewe bydra nie[25].

In die huidige appèlprosedure van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word daar nie na herstel van reg, en hoe om dit te bereik, verwys nie.

***Probleemstelling 4***

Dit wil voorkom asof die behandeling en afhandeling van appèlle in sekere gevalle tot verdere regskrenking en nuwe appèlle lei, instede daarvan dat die reg en die vrede herstel word.

'n Appèl is 'n regsaak[26]. Diegene wat oor die appèl uitspraak moet lewer, moet met die reg asook met die inhoud van die saak vertroud wees[27]. Kruger[28] stel dat afgevaardigdes by meerdere vergaderings oor die algemeen geen kenners van die reg is nie. As gevolg van die wyse waarop appèlle hanteer word, is afgevaardigdes deurgaans ook nie ten volle met die inhoud van die saak vertroud nie. Derhalwe word uitsprake gelewer deur regters wat nie by magte is om tot sodanige uitspraak te kom nie. Dit skep 'n situasie waarin onreg seëvier, en opnuut geappelleer word[29].

***Probleemstelling 5***

Dit blyk dat daar in die wêreldlike reg[30] na regsherstel as vrug van 'n appèl gestreef word[31]. Dit is nie duidelik hoe dié strewe in die kerkregering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verwesenlik word nie.

Oor die algemeen word daar gewaarsku teen toepassing van 'wêreldlike' regspraktyke in die kerklike reg, veral wat die hantering van kerklike appèlle betref[32]. Die rede(s) hiervoor word deurgaans nie verskaf nie, of slegs in die verbygaan genoem sonder om dit grondig te motiveer.

[25] Spoelstra, 1966:205; Visser, 1999:145; vergelyk Jonker, 1965:14; Kamphuis, 1966:150; Smit, 1987:20; Strating, 1984:25; Van der Walt, 1976:165
[26] Spoelstra, 1989:191
[27] Roeleveld, 1972b:61
[28] Kruger, 1992:66
[29] Hodge, 1884:498; Kruger, 1992:72; vergelyk Smit, 1987:27; Spoelstra, 1986:104
[30] Nie-kerkregtelike regsisteme word in hierdie studie met die versamelterm 'wêreldlike reg' aangedui. In bepaalde gevalle word die nie-kerklike reg nader aangedui as burgerlike reg, konstitusionele reg, strafreg of prosesreg, afhangende van die konteks waarbinne dit gebruik word.
[31] Hiemstra, 1987:755
[32] Hooijer, 1865:203; Roeleveld, 1972a:41; Smit, 1984a:103; Spoelstra, 1989:190; Van der Linde, 1983:133

Ooreenkomste en verskille tussen appèl met die oog op regsherstel in die wêreldlike reg en in die kerklike reg word nie noukeurig omskryf nie.

## 1.3 AKTUALITEIT

Die vyf probleemstellings verwoord tot 'n groot mate die aktualiteit van die studie.

Aanvullend tot die probleemstellings moet daarop gewys word dat die besinning oor die reg tot appèl voortdurende aandag geniet, veral wat betref die verfyning van die appèlprosedure[33].

Die feit dat elke nasionale sinode en bykans elke partikuliere sinode appèlle hanteer, onderstreep eweneens die aktualiteit van die studie.

Dit moet ook gestel word dat 'n regsbeginsel en -praktyk wat so 'n groot invloed en uitwerking op die kerklike lewe het, nie onbespreek mag bly nie – veral nie in ag genome die vermeende leemtes wat daarin bestaan nie.

## 1.4 NAVORSINGSDOELSTELLINGS EN -VRAE

### 1.4.1 Navorsingsdoelstellings

Die doel van die studie is om:

- deur middel van Skrifstudie te bepaal wat die skriftuurlike grondslag vir appèl en regsherstel in die Gereformeerde kerkreg is (vergelyk probleemstelling 1);
- uit die destyds heersende wêreldlike asook kanonieke reg vas te stel wat die wese en inhoud van appèl is soos dit in 1568 in die kerkorde van die Gereformeerde kerke opgeneem is; om verder vas te stel hoe appèlreg in die Gereformeerde kerkreg ontwikkel het (vergelyk probleemstelling 2);
- vanuit die Skrif, die kerkgeskiedenis en die wêreldlike reg – met inagneming van heersende etiese norme – die beginsels waarop appèl en regsherstel rus, asook die wesenlike aspekte waaruit dit bestaan, te identifiseer en te beskryf (vergelyk probleemstelling 3);
- die funksionering, hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, met verwysing na appèlprosedures van enkele ander

[33] GKSA, 1998:45

kerke (veral in Nederland, waar die wortels van die GKSA lê), te evalueer (vergelyk probleemstelling 4);

- die belang van Skrifgefundeerde hantering van appèl met die oog op regsherstel, asook vermeende leemtes in hierdie verband, vir die kerkreg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika uit te wys (vergelyk probleemstelling 5).

### 1.4.2 Navorsingsvrae

In ooreenstemming met en in aansluiting by die doelstellings word gepoog om die volgende navorsingsvrae te beantwoord:

- Is daar in die Skrif sprake van appèl soos dit in Artikel 31 KO verwoord is? Wat word in die Skrif binne die breë konteks van God se geregtigheid oor die reg van die verontregte, die posisie en taak van die regter en oor die proses van regspraak in geval van verontregting geopenbaar?
- Wat is die wese en inhoud van appèl soos dit in 1568 in die Kerkorde van die Gereformeerde kerke opgeneem is en daarna in die Gereformeerde kerkreg tot en met Dordrecht 1618/19 ontwikkel het?
- Wat is volgens die Skrif, die kerkgeskiedenis en die wêreldlike reg die beginsel(s) waarop appèl en regsherstel in die kerklike lewe rus? Uit watter wesenlike aspekte bestaan dit? Hoe kan dié aspekte beskryf word?
- Hoe funksioneer appèl met die oog op regsherstel in die konteks van die Gereformeerde kerkorde en kerkregering? Wie is geroep om reg te spreek? Watter bevoegdhede het die kerklike regters? Volgens watter kriteria en prosedure moet hulle regspreek? Wat is die grense van hulle regspraak? Op watter wyse moet hulle regspraak deur die betrokkenes in die regsaak ontvang en nagekom word?
- Wat is die resultaat as die hantering en toepassing van appèl met die oog op regsherstel in die verloop van die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan die hand van die geformuleerde norme geëvalueer word?
- Watter moontlike leemtes is daar in die hantering van appèl met die oog op regsherstel in die kerkregering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, en hoe kan daardie leemtes aangespreek word?

## 1.5 SENTRAAL TEORETIESE ARGUMENT

Regsherstel vind plaas wanneer:

- ŉ appèl volgens duidelik geformuleerde formele sowel as materiële norme beoordeel is;
- ŉ uitspraak ooreenkomstig dieselfde norme gelewer is;

- die nodige aksies onderneem is om die partye wat by die appèl betrokke is (te wete die appellant en die respondent), met mekaar te versoen.

## 1.6 METODE VAN ONDERSOEK

Uit die Skrif, sowel as uit eksegetiese, dogmatiese en kerkregtelike bronne word vasgestel wat die skriftuurlike fundering vir onderskeidelik kerklike appèl en regsherstel is. Besondere aandag word aan Skrifuitsprake oor die reg en taak van die verontregte, die posisie en roeping van die regter, asook die proses van regspraak en die onderlinge verhouding tussen regspraak en regsherstel gegee.

Ten einde die historiese ontwikkeling van appèl met die oog op regsherstel te beskryf, sal eerstens vasgestel word wat appèl in die wêreldlike reg beteken. Regswoordeboeke en studies in die prosesreg word geraadpleeg om te bepaal wat die wese en begrensing van appèl is. Aandag word geskenk aan appèl in die *Corpus Iuris Canonici* van die Roomse Kerk, soos wat dit gedurende die sestiende eeu, toe dit in die Gereformeerde kerkorde opgeneem is, hanteer is. Uit kerkhistoriese bronne word ondersoek wat die Konvent van Wesel bepaal, bedoel en vasgestel het toe hulle die term appèl in navolging van die Franse Kerkorde in die Gereformeerde kerkorde opgeneem het. Kerkhistoriese navorsing insake Sinodes Emden 1571, Dordrecht 1578, Middelburg 1581 en Dordrecht 1618/19 word gebruik om die herkoms van en die redes vir die invoering van appèl in die kerkorde na te gaan.

Vir die identifisering en beskrywing van die wesenlike aspekte van kerklike appèl word Artikel 31 KO as primêre bron bestudeer. Appèlprosedures, kerkorde-handleidings, kommentare en toeligting op die kerkorde asook relevante wetenskaplike artikels dien as sekondêre verwysingsmateriaal.

Die appèlprosedure van die GKSA sowel as die praktiese hantering van appèlle, soos wat dit uit die acta van nasionale sinodes van die GKSA na vore kom, word krities beskryf. Relevante standpunte ten opsigte van die kerklike appèl - hetsy bevestigend, hetsy weerleggend - word so volledig moontlik weergegee en bespreek.

## 1.7 INDELING

Die studie word in vier hoofdele verdeel:

- skriftuurlike begronding van appèl met die oog op regsherstel;
- historiese ontwikkeling van appèl met die oog op regsherstel;
- prinsipiële omlyning van appèl met die oog op regsherstel;

- praktiese hantering van appèl met die oog op regsherstel;

In ’n slothoofstuk word die navorsingsvrae (paragraaf 1.4.1.2) beantwoord.

## 1.8 TEGNIESE ASPEKTE

### 1.8.1 Afkortings

Die volgende afkortings word gebruik:

**Kerke**

| | |
|---|---|
| CRCNA | Christian Reformed Church in North America |
| FCS | Free Church of Scotland |
| GG | Gereformeerde Gemeenten, Nederland |
| GKSA | Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika |
| GKV | Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt), Nederland |
| NGK | Nederduits Gereformeerde Kerk, Suid-Afrika |
| NGSK | Nederduits Gereformeerde Sendingkerk, Suid-Afrika |
| OPC | Orthodox Presbyterian Church |
| PKN | Protestantse Kerk in Nederland |

**Belydenis en Kerkorde**

| | |
|---|---|
| NGB | Nederlandse Geloofsbelydenis |
| HK | Heidelbergse Kategismus |
| DLR | Dordtse Leerreëls |
| KO | Kerkorde |

### 1.8.2 Ekskursies en bylaes

In enkele gevalle word ’n ekskursie tot die teks toegevoeg. Die inhoud van die ekskursie dra nie direk tot die ontwikkeling van die gedagtegang in die teks by nie. Dit dien as newe-teks en bevat belangrike inligting wat op die betrokke deel in die hoofteks van toepassing is.

Sekere dokumente waarna reëlmatig in die studie verwys word en van belang is om in geheel van kennis te neem, word as bylaes ná die slothoofstuk ingevoeg.

### 1.8.3 Bronverwysings en bronnelys

Daar word van die aanbevole en gebruiklike Harvard-metode van bronverwysing afgewyk[34]. In navolging van studies in die regswetenskappe word van voetnote gebruik gemaak[35]. Voetnote maak, in die geval van hierdie studie, die teks makliker leesbaar. In sommige gevalle word voetnote gebruik om 'n newe-gedagte of kommentaar op 'n bepaalde deel in die teks weer te gee. Voetnote verwys na die bronnelys waarin volledige bibliografiese gegewens van die betrokke publikasie verstrek word.

In die bronnelys word slegs na bronne verwys wat in die geskrewe dokument voorkom. Ander bronne wat in die studie gebruik is, maar waarna nie in die geskrewe dokument verwys word nie, word apart gelys.

[34] Noordwes Universiteit, Handleiding vir Nagraadse Studie D 18/2004 (2.5.3)
[35] Noordwes Universiteit, Handleiding vir Nagraadse Studie D 18/2004 (2.5.4)